Soos ons vandag hier vergader is, op hierdie ongewone wyse van vooraf-opgeneemde dienste by NG Alberton-Suid, poog ons om al die belangrike elemente van ons weeklikse eredienste aan te spreek. Een van daardie elemente is die ontvangs die dankoffers of liefdesoffers. U sou ook nou voor die lewendige opname ‘n lys van aanbiddingsliedere ontvang het waarna u kon luister om steeds die Here saam as geloofsgemeenskap te loof en te aanbid.

Ons finansiële geskenke aan Alberton-Suid tot dusver, stel ons in staat om dit te ondersteun wat God in en deur NG Alberton-Suid doen en maak dit moontlik om as ons bedieninge voort te sit, elke dag van die jaar.

In hierdie seisoen van spoedige veranderinge bied ons kerk bedieninge op nuwe maniere. U mag vra hoekom moet ek aanhou gee as die “kerk” toe is.

Ons gebou is gesluit…maar dit is wat die lewende kerk hierdie week verrig het:

Onder andere het ons sopas begin met die virtuele eredienste. Inligting wat voorberei is vir die Facebook blad en webtuiste is spoedig geplaas. Die insameling van seep en maskers vir die sopkombuis manne en die voortgesette pastorale sorg deur die leraars het ongesteurd voortgegaan maar met ‘n baie groter intensiteit. Berading is telefonies en per videos gedoen. Skype vergaderings is gehou. Ons kantoorpersoneel is steeds ook almal aan die gang om ons databasis en kommunikasie kanale oop te stel. Die kerkklok word elke dag 12 uur gelui as meelewing vir die krisis wat ons ondergaan. Op Sondae sal die kerkklok sal die klok om 09:00 lui.

In hierdie tyd het ons ook seker gemaak dat ons allimentasie gevalle die nodige sorg ontvang sodat hulle voedsel het vir die tyd wat voorlê. Ons gebedsbediening is nou virtueel en u kan deur middel van ons Facebook blad en webtuiste inligting ontvang oor u mede broers en susters se welstand. U is ook uitgenooi om u profiel foto te verander na die “EKISKERK-ALBERTON-SUID” logo om op hierdie manier te sê ek is deel van ‘n geloofsgemeenskap wat kies om ongeag wat, aan te hou dien en verkondig.

As jy steeds wonder hoe ons gaan kerk wees in hierdie tyd, hier is waarop hierdie week gefokus gaan word:

Kinderbediening en huisgeloof materiaal word uitgewerk en sal geplaas word. Ons beplan ‘n deurry Nagmaal vir Goeie Vrydag. Meer inligting sal volg. Hierdie week wat kom poog ons om dan ook voor te berei om die Vriesvriende bediening te mobiliseer om gevriesde etes en sop voor te berei vir medegelowiges wat geraak gaan word in die volgende paar weke. As deel van Tutela Alberton se span,

moedig die leraars u aan om donasies van hande-seep in die houer voor die kerk se deur kom plaas. Ons poog om aan te hou om klein-groep bedieninge te ondersteun wat in hierdie tyd nie bymekaar kan kom nie maar wat wel belangrike ondersteuningsnetwerke in die gemeente uitmaak.

Al hierdie dinge, verg finansiële hulpbronne.

Ek moedig u aan om steeds u offergawe aan die bedieninge te skenk by NG Alberton-Suid. Moet asb nie in hierdie tyd u maandelikse dankoffer kanselleer nie. Maar moet ook nie u offergawe opskort nie. Jy kan maklik en gerieflik jou dankoffer gee deur:

- Ons webtuiste te besoek en ‘n Snapscan betaling te doen of ‘n debietorder vorm in te vul. http://www.albertonsuid.com/feature-items-read-more?id=Nw==

- U kan ook die kerk as ‘n begunstigde laai op jou elektroniese bankdienste.
  Bank: Absa
  Rek nommer: 210580026
  Takkode: 631142

- U kan ook die kerkkantoor Maandag besoek en jou koevertjie ingooi by die deur.
  Of skakel die kerkkantoor Maandag- Vrydag as jy enige probleme ondervind.

Ons is besig om oor te skakel van gewone sms boodskappe na whatsapp groepe omdat dit ook meer kostigbaar is. As u weet van lidmate wat nog nie die whatsapp boodskap ontvang het nie stuur asseblief die volgende skakel aan na hulle toe https://chat.whatsapp.com/H4bpRCfZINvFf9VfMVqxjU.

Baie dankie dat jy steeds deel is van Alberton-Suid se bediening en dit wat God deur ons doen.

Vrede in Christus

Ds Natalia Strydom.